(Vanaf Bl. 3)

Die Kampkomitee het besluit om die elektrisiteit oor te neem, maar is nie tans in 'n posisie om dit te doen nie. Twee verspreiders is genader om namens die komitee die elektrisiteit oor te neem, maar hulle het daarteen besluit weens die swak toestand van die netwerk. Overstrand Munisipaliteit is oortuig dat alle probleme opgelos kan word as daar 'n gekwalifiseerde persoon op die perseel aangestel word, hetsy onder bestuur van die ODM of die munisipaliteit. Daar is voorgestel dat 'n tegniese werkgroep geskep word om na al die regaksies en administratiewe komponente te kyk. Opvolgvergaderings sal gehou word.

Munisipaliteit Overstrand ontvang gereeld oproepe oor kragonderbrekings by die oord en in baie gevalle is kragonderbrekings as gevolg van oorvrag. Die huurders word versoek om gedurende Desember, indien meters as gevolg van oorvrag klink, kans gee dat die meter self heraanskakel, in plaas daarvan om dadelik die munisipaliteit te skakel. Daar word 'n vriendelike beroep op semi-permanente inwoners en kampeerders gedoen om seker te maak dat kragonderbrekings nie as gevolg van interne-/oorvrag-probleme is nie. Daar is 'n beperkte aanvraag van 15 Ampère per perseel.

Neem asb kennis dat, indien kragonderbrekings voorkom as gevolg van 'n interne fout of oordrag, sal uitroepkoste verhaal word soos per goedgekeurde tariewe, naamlik:

E10A1 - Uitroepe gedurende kantoorure = R420.00
E10A2 -Uitroepe na ure (Weeksdae en Saterdae)= R630.00
E10A3 -Uitroepe na ure (Sondae en Publieke Vakansiedae) = R840.00

Die kontaknommer vir navrae tydens kragonderbrekings, is:
Gansbaai Administrasie (028) 3848300
Overstrand Beheersentrum(028) 3138000

Die Stranddienste is weer op hulle pos hierdie jaar en sal soos in die verlede aktiwiteite aanbied vir oud en jonk.'n Program van die daaglikse aktiwiteite sal beskikbaar wees.

Lewensreddingdienste sal ook vanaf 21/12/2010 tot 01/01/2011beskikbaar wees tussen 09:00 en 18:00. Swem op ander tye sal op u eie risiko geskied.

Die oopmaak van die mond op 23/10/2010 was 'n hoogtepunt vir Uilenkraalsmondoord. Nogmaals baie dankie vir al die betrokke partye met die groot poging wat ten einde 'n groot sukses was. Die uitgrawing was gedoen gedurende laag en hooggety. Keerwalle was aan beide kante van die kanaal gelaat om sodoende die operateur die geleentheid te gee om die nodige uitgrawings te doen. Na die verwydering van die keerwalle het die rivierwater sy rigting gekry na die see onder groot toejuiging van die toeskouers teenwoordig. 'n Persverklaring vanaf ODM is dienooreenkomstig uitgereik.

Noodnommers sal op al die strategiese punte in die oord aangebring word. .

Namens die Bestuur en die ODM wens ons u 'n aangename en 'n misdaadvrye Kersseisoen en 'n Voorspoedige 2011 toe.

Johan Botha
Oordbestuurder

Dankie

Ek wil graag van die geleentheid gebruik maak om vir al die kampvereniging lede baie dankie te sê vir hul onselfsugtigheid om vir Uilenkraalsmond te veg.

Ek wonder of ons mense in Uilenkraalsmond besef wat dit kos om vergaderings by te woon. Die meeste van ons moet verlof insit (hard verdiende tyd wat ons met ons eie familie kon spandeer).

Net om dit in perspektief te plaas wil ek dit in geldwaarde omsit

5 vergaderings met ODM en Regering asook 5 by Uilenkraalsmond

d.w.s. verlof ongeveer R5500.00 en 4100 km petrol ongeveer R3280.00

Dit is net 'n gemiddele en kan meer wees.

Soos ons sien is dit nogal 'n opoffering vir elke persoon. Kom ons as Uilkraalmonders bring ons kant die jaar en betaal ons ledegelde. Nogmals dankie vir julle wat dit betaal het.

Jimmy

Finansiële oorsig – Uilenkraalsmond Kampvereniging
1 Desember 2009- 30 November 2010

Net om almal se geheue te verfris, ons finansiële jaar strek jaarliks vanaf 1 Desember tot 30 November. Die finansiële jaar het op 'n lae noot begin in November 2009 en ons was genoodsaak om die ledegeld vanaf R20 na R100 te verhoog. Weereens het ons getroue lede ons nie teleurgestel nie en vroeg al in Desember 2009 hulle bydraes gemaak. 'n Groot dankie aan julle, maar daar was en is nog steeds 'n groot persentasie wat nie enige bydraes gemaak het nie. Hierdie swak verteenwoordiging het darem ietwat verbeter nadat die Mandaat skrywe in Mei 2010 uitgestuur was. Ons lede het soos een saamgestaan en hulle bydraes het een vir een ingekom. Dankie aan almal wat die ernstigheid van die saak ingesien het. Julle bydraes is aangeteken teenoor julle plot nommers en het ons in staat gestel om ons finansiële verpligtinge na te kom.

R 100.00		
GETAL PLOTTE	BETAAL	PRESENTASIE
572	360	63%

Die finansiële syfers ten opsigte van Ledegeld en regshulp ingesamel staan huidiglik soos volg:

- Spaarrekening : R36 117.22
- Beleggingsrekening: R42 644.64

Ons het intussen ook die beleggingsrekening na 'n markverwante rekening oorgeskakel wat sodoende vir ons meer rente sal gee.

Die uitgawes vir die finansiële jaar tot dusver was as volg:

- Prokureur R13 536.90
- Stranddienste Staanplek: R4 800

(was net 'n eenmalige reëling)

- Konsultante: R6 800
- Koerant: R3 318.77
- Donasie – beheer van rondloperkatte: R1 000

Van my kant af, vra ek ons lede om voort te gaan met hulle getroue ondersteuning aan 'n saak wat ons almal na aan die hart lê en wat 'n belegging is vir ons almal se toekoms.

Ek glo dat hierdie genoeg bewys is vir ons Lede om betrokke te raak.

Ek sien dus uit na 'n meer suksesvolle jaar en dat ons Lidmaatskap tot sy volle potensiaal sal groei.

Tesourier
Nadia Gresse